Kix-pirasie

Die Potlood

Ons almal ken ‘n potlood en weet dat dit ‘n goedkoop artikel is. Ons weet ook hoe nuttig dit is. Kinders leer daarmee skryf, argitekte en kunstenaars wil nie daarsonder wees nie en sakemanne is ook nie skaam om dit te gebruik nie.

As ons die waarde van ‘n potlood wil bepaal, kyk ons eerstens na die lood binne die houtomhulsel. As die potlood nie mooi skryf nie, sal ons kyk of die lood nie te hard, te bros of te sag is nie. Hoe dit van buite lyk, maak nie eintlik saak nie. Die hout beskerm net die lood en maak dit bruikbaar.

Volgens die Bybel word ‘n mens se waarde ook so geskat. Ons lees in 1 Samuel 16:7 dat die Here vir Samuel sê: “Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here kyk na die innerlike.”

Daarom moet ons toesien dat ons gedagtes en begeertes vir God aanneemlik is.

‘n Potlood moet skerpgemaak word om bruikbaar te wees. Wanneer ‘n potlood nuut is, is dit stomp en nutteloos vir ons. Die hout moet eers verwyder word om by die lood uit te kom. Die uiterlike word opgeoffer sodat dit tot diens kan wees.

So moet ons ook ontslae raak van baie dinge in ons lewe voordat ons bruikbaar kan wees in die Here se werk op aarde.

‘n Skerp potlood beteken nog nie veel voordat iemand hom optel en met hom skryf nie. ‘n Mens se hand is nodig. *Dan eers* word dit bruikbaar.

So het ons ook ‘n Hand nodig om ons vas te hou. Die Here nooi ons om altyd ons hand in Sy deurboorde Hand te plaas en styf vas te hou. In Hom word ons dade bruikbaar en kry dit ewigheidswaarde.

En dan kan ons onsself ook afvra hoe vertoon ons hande wanneer ons met kinders besig is. Hou ons ‘n kind se hand vas? Is ons hande strelend en troostend? Laat ons die kinders veilig voel?

Laastens let ons op dat ‘n potlood homself opoffer in diens van ‘n mens. Die potlood word opgeskryf. Sy werk is afgehandel en dit wat oorbly, word weggegooi.

So het Jesus ook Sy lewe vir ons opgeoffer aan die kruis op Golgota.

Wat ‘n voorreg het ons nie om in ons lewe op aarde Sy voorbeeld te volg en alles aan Hom oor te gee nie?!

Jesaja 41:10: “Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.”

Dankie dat jy bereid is om op te offer vir die kinders in ons land. Mag die storie wat jy met jou lewe skryf kinders inspireer om hulle lewens in God se hand oor te gee.